SA JAGTERS TAFELBERG MEI 2017 NUUSBRIEF

LEKKER JAG

Met die jagseisoen al goed op dreef in meeste provinsies, kan ek nie wag om by my gereelde jagbestemming in die Oos-Kaap uit te kom vir 'n koedoe-jag begin-Junie nie. Ons bestuurslede neem gewoonlik tyd af in Junie om in die veld te kom, so daar sal geen amptelike skiete of 'n nuusbrief gedurende Junie wees nie. Ons is egter besig om 'n sosiale aand te reël met SA Jagters se Bestuurder:Bewaring, Lizanne Nel, op 14 Junie en sal lede nader aan die tyd oor die finale besonderhede inlig sodat u darem een aktwiteit kan aanteken vir die maand.

HAPPY HUNTING

With the hunting season well on its way in most provinces, I can't wait to get to my regular hunting spot in the Eastern Cape to hunt kudu at the beginning of June. Our management team usually takes time off in June to get into the veld, so there won't be any formal shooting activities during June. We are however arranging a social evening with SA Hunters' Manager: Conservation, Lizanne Nel, for 14 June, and will keep you posted on the final details closer to the date so you can at least log one activity for the month.

AKTIWITEITE

Saterdag 13 Mei DSK

Ons bied 'n posliga handwapen- en randslagskiet aan by Durbanville skietbaan vanaf 08:00 – 11:00. Registrasie sluit om 08:30 en koste is R60 vir DSK-baanfooi en R20 vir Tafelberg admin fooi. Kom asb vroeg – die baan gaan besig wees en ons moet 11:00 klaar geskiet wees.

Handgun and rimfire postal league shoot at DSC from 08:00 – 11:00. Cost R60 for DSC range fees and R20 for Tafelberg admin fee. Registration closes at 08:30 and we have to finish shooting at 11:00. Come early as the range will be very crowded with hunters tuning rifles and scopes.

Thursday 18 May

Sosial evening at Hano Smuts' Game Skin Safari premises near Durbanville 18:30 for 19:00. Hano is going to tell us more about game skin processing and tanning, with useful tips on how to properly skin and treat your trophy animal skin to get the best results.

Ons sosiale aand vind plaas by Hano Smuts se Game Skin Safari perseel naby Durbanville 18:30 vir 19:00. Hano gaan ons meer vertel oor die beste afslagmetodes om jou trofeedier se vel op sy beste te laat vertoon, en allerlei interessanthede rondom die behandeling van velle.

SATERDAG 20 MEI

INTERTAK PRESIDENTSKIET ATLANTIS

Ons jaarlikse intertak Presidentskiet vind Saterdag 20 Mei plaas . Sien asb die aangehegte besonderhede en skryf vroegtydig in. Let asb daarop dat spanlede wat aan die Presidentskiet deelneem moet individueel daarvoor inskryf en betaal. Inskrywings sluit op Woensdag 17 Mei 2017. Neem kennis dat Registrasie op die dag reeds om 07:15 open. Koste is R150 en R50 vir juniors.

Our annual interbranch President's Shoot takes place at Atlantis on Saturday 20 May. Please see the attached documents for detailed information. Team members entering the competition must enter and pay individually. Please note that registration takes place from 07:15 on the day. Cost is R150 and R50 for juniors.

SATERDAG 27 MEI 10:00

Kleiduifskiet by DSK – sporting.

Jagtersgroete

Deon Erasmus

0825523319